## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| Vr | 05/09 | **Elna Visagie**,. Wyk 5 |
| Sa | 06/09 | **Schalk Engelbrecht**.. Wyk 9 |

**Bede met meelewing:** Psalm 140: 4 en 5.

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: Potchefstroom.

## KARWAGTE

*Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte (Jafta).*
*Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.*

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*



# Op die Kerkwerf


Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 29 Sondag 31 Augustus 2025
*Redakteur:* **Rudy van der Spoel** 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net



**Eredienste**: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za


**Diensbeurte by eredienste en by kategese:**
**Ouderling:** Wyk 9 **Harm Stavast** en Wyk 10 **Fanie Jooste**
**Diaken:** Wyk 9 **Vakant** en Wyk 10 **Pieter Jooste**
**Skinkbeurt: Gemeente -ete**

**EREDIENSTE** Albei dienste word gelei deur ds. Jannes van Dyk.

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30 en middagdiens om 17:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND: Viering van die sakrament van die Nagmaal**
**Woordbediening:** Johannes 7:1-13.
**Fokusvers:** Johannes 7:3-8.
**TEMA:** ***Verwonder u in geloof dat Jesus Homself op die bestemde tyd openbaar het!***
**Sing:** Psalm 118: 12; Psalm 136: 1, 14, 20; Psalm 112: 1, 4 (melodie Skrifberyming 4-8); Skrifberyming 10-2:1; Psalm 23: 3; Psalm 116:1, 4; 2, 3; 5, 6; 7,8; 9,10; Psalm 103:1.
**Sing met meelewing:** Psalm 140: 4, 5. ).

**EREDIENS OM 17:00**
**Woordbediening:** Psalm 51.
**Fokusvers:** Psalm 51:12
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3&4, paragraaf 16
**TEMA:** ***Die herskeppende werk van God se genade werk nie dwingend nie, maar kragdadig.***
**Sing:** Psalm 97: 7; Psalm 50: 7, 11; Psalm 51: 5; Skrifberyming 8-1:1, 2 (14); Skrifberyming 19-1:1 (47)(na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir **die Kerkkas**
Volgende week – *Proponente Hulpfonds*
**VANMIDDAG**: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

## NAGMAAL HUIS EIKELAAN

Eerskomende Woensdag om 15:00 sal daar wel Nagmaal bedien word in die rooi sitkamer vir lidmate in Huis Eikelaan wat nie die Nagmaalsdiens vandag in die kerkgebou kan bywoon nie. Ander lidmate wat om besondere redes nie vandag se Nagmaalsdiens kan bywoon nie, maar wel Woensdag by Huis Eikelaan, moet asseblief met hulle ouderling of diaken die nodige reëlings vir vervoer tref.

# LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

## MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

## VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Magda Opperman** is steeds in Mediclinic waar sy vir urologiese en ortopediese probleme behandel word. Ons dra haar en Flippie en hulle dierbares op aan die troue sorg van ons hemelse Vader.

**Prof. Callie Coetzee** moet Dinsdag 'n opvolg-besoek by die spesialis in Klerksdorp bring. **Susan** moet weer op 9 September 'n opvolgbesoek by die spesialis in Potchefstroom bring en later die maand wag 'n verdere opvolgbesoek vir prof. Callie. Ons verseker prof. Callie en Susan van ons volgehoue voor-bidding vir hulle. Mag ons troue Here u elke dag met nuwe krag versterk en sy goedheid en ontferming aan u betoon.



- **Woensdagaand 3 September** om 18:00 in die konsistorie (studie 7 van 1 Korintiërs uit Voëlvlug deur die Boeke van die Nuwe Testament van prof. GJC Jordaan).
- **Donderdagoggend 5 September** om 10:30 in die kerksaal: *Troos na Trauma*. Nadat ons die eerste aantal weke gefokus het op wat trauma is en die fases waarin trauma beleef word (met bestudering van relevante Skrifgedeeltes), begin ons nou intensief die troos uit die Woord van die Here ontgin uit 2 Korintiërs 1. Bring asb. u Psalmboek saam met u Bybel, aangesien ons ook uit die belydenisskrifte gaan naslaan.

## EREDIENSTYE VANAF SEPTEMBER

Maak asseblief 'n nota dat ons tweede erediens vanaf komende **Sondag 7 September 2025** weer om **18:00** 'n aanvang sal neem.

## EREDIENS: HUIS EIKELAAN

Ds Willem Steyn sal DV met die erediens op Sondag 7 September in die Kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Die toesigbeurt sal deur ouderlinge Nico Spaumer en Loffie Eloff waargeneem word.

## BEPLANNING 2026

Die Beplanningskommissie van die kerkraad vergader op 30 Oktober. Al lyk dit nog ver in die toekoms, moet *al* die datums vir 2026 (alle kommissies en ook al die sustersaktiwiteite) teen daardie stadium gereed wees vir die 2026 kalender. U word gevra om asb. in die volgende twee maande aan u beplanning vir 2026 dringend aandag te gee, en dit betyds na die kerkkantoor deur te gee.

## VERLOF: MALIE WYMA

Malie Wyma sal vir die volgende aantal weke (tot 16 September) met verlof uitstedig wees. Ons bid haar 'n geseënde kuier in Hermanus by hulle kinders en kleinkinders toe. En ons verseker haar dat ons sal sorg dat Klaas nie verhonger of vereensaam nie. Stuur asb. u afkondigings vir hierdie tyd voor Donderdae 12:00 na ds. Jannes *(jannes.vandyk@gmail.com)*. Probeer asb. om e-pos te gebruik omdat oproepe nie altyd beantwoord kan word nie, en WhatsAppboodskappe raak maar weg tussen al die ander boodskappe.

Ons is dankbaar dat **Ineke Bakker** Dinsdag 'n geseënde opvolgbesoek by die dokter in Klerksdorp kon bring. Dit is ons bede dat ons hemelse Vader deur die behandeling wat sy nou moet ontvang, aan haar lewenskwaliteit sal gee.

**Sarie Brummer** het vroeër 'n biopsie onder-gaan en Donderdag die uitslae ontvang. Ons is saam met haar dankbaar en bly dat die resultate van die biopsie negatief was. Mag u in hierdie tyd die troue liefde van ons Here ervaar.

**Pieter Bouwsema** moet Woensdag (3/09) 'n opvolg-besoek by die ortopediese chirurg bring. Ons is saam met Pieter en sy geliefdes dankbaar vir die mooi herstel wat hy toon en bid dat hy volkome genesing mag ontvang.

## DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

## VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes op reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

- Nelis en Dina Coetsee - terug
- Flip en Leana Mostert - terug
- Elsa Reinecke - terug
- Ina Roos vir 'n maand na kinders in Limpopo

## HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Donderdag 4 September is **Pieter en Alta Hugo** 60 jaar getroud. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

**BEWYS VAN LIDMAATSKAP AFGEGEE**: Marlet Baptista (gebore Reynecke) en twee dooplidmate Joshua en Hailey



# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Ma | 01/09 | | Klassis-, Streeksinode en Deputatewerk | |
| Wo | 03/09 | 15:00 | Nagmaal Huis Eikelaan | Rooi Sitkamer |
| | | 18:00 | Bybelstudie: 1 Korintiërs (Studie 7) | Konsistorie |
| Do | 04/09 | 10:30 | Troos na Trauma: 2 Korintiërs 1 | Saal/ Konsistorie |
| Vr | 05/09 | | Agenda vir Klassis Potchefstroom sluit | |
| So | 07/09 | 08:30 | H/S Katkisasie Les 19 | Bovertrek |
| | | 11:00 | L/S Katkisasie Les 19 | Bovertrek |
| | | 15:30 | Erediens : Huis Eikelaan Ds WJ Steyn | Kapel |
| | | **18:00** | **Aanddiens om 18 :00** | |
| Di | 09/09 | 08:30 | Opening TSP | GK Potch Bult |
| | | | Agenda vir Klassis Potchefstroom uit | |
| Di | 16/09 | 18:00 | Klassis Potchefstroom vergader | GK Buffeldoorns |

| KATKISASIE | Sondag 7 September | Sondag 14 September |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 19 | Les 20 |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | Les 19<br>Psalms 47:1<br>Sondag 19<br>Twaalf Artikels. Art. 11 | Les 20<br>Psalms 47: 1<br>Sondag 20<br>Twaalf Artikels, art 12 |

## BYBELSTUDIE

• Daar sal ongelukkig nie Dinsdag Bybelstudie by Huis Eikelaan wees nie, aangesien prof Callie uitstedig is.